

Hanteer dit só: Misdaadtoneelbestuur

Verlede week het Adjutant Delport al die pad vanaf Sasolburg gekom om die boere te kom inlig oor misdaadtoneelbestuur. Hy is alreeds 12 jaar in die bedryf en kan deur middel van leidrade wat op die toneel versamel word, die verdagtes vastrek. 'n Misdaadtoneel moet baie versigtig benader word - die belangrikste is om nie die toneel te belemmer nie. Dit maak die forensiese werk vir die taakspan ongelukkig moeilik sodra daar aan die bewysstukke verskuif of die toneel vertrap word. Hy noem die volgende punte wanneer jy op 'n misdaadtoneel afkom: 1) Moenie op die toneel rook nie. 2) Vermoedlik kontak met bewysstukke. 3) Help die persone wat mediese behandeling benodig sover as moontlik, maar vermoedlik steeds kontak met enige bewysstukke wat die forensiese proses moontlik kan beïnvloed. Neem foto's en video's van die misdaadtoneel wat kan dien as bewysstukke voordat iemand daaraan peuter. Maak 'n ingang na die misdaadtoneel en versper die res van die toneel. Dit maak dit makliker om ongewenste persone uit die area te hou sodat die toneel bewaar bly. Laat

polisie en mediese persone toe om die toneel binne te gaan. Daar sal 'n persoon wees wat 'n staproete sal uitlê sodat nodige persone nie die misdaadtoneel vertrap nie. Indien jy voetspore gewaar, probeer om dit te bewaar deur 'n groot genoeg voorwerp oor die spoor te plaas, seel die kante met sand sodat wind nie 'n effek op die voetspore kan hê nie. Die prosesse wat gevolg word is eenvoudig as die forensiese span by die toneel opdaag. Elke bewysstuk word in 'n aparte sak geplaas met 'n unieke nommer, datum en tyd en word dan geseël. 'n Foto word geneem wat dien as bewyse van wat in die sak geplaas is. Daarna word die toneel gefynkam vir vingerafdrukke en DNA. Verskillende toerusting word gebruik om die prosesse te vergemaklik - spesiale flitse en kolligte. Hierdie toerusting is van die bestes wat gebruik word op misdaadtonele. Deur die bogenoemde punte na te kom, vergemaklik dit die forensiese werk geweldig baie sodat die skuldiges opgespoor kan word.



Op die foto bo: Verskillende flitse wat gebruik word op 'n misdaadtoneel.



Op die foto vl: John Keogh, Faan Potgieter en Adjutant Delport.

Trok met beeste verdwyn

Daar is Woensdag 'n Tata-swaarmotorvoertuig van mnr Johan Breitenbach (Jnr) gesteel met 'n wa en 30 beeste op. Oppad Frankfort toe het 'n ander voertuig die trok van die pad afgedruk en tot stilstand gedwing. Twee persone het uit die bakkie geklim. Die drywer van die swaarmotorvoertuig is met 'n vuurwapen aangehou waarna hulle hom agter op die bakkie onder 'n seil ingedwing het. Die verdagtes het met hom in die bakkie

weggejaag van die toneel, waarna hulle hom laatmiddag naby Groenpunt gevangenis afgelaai het. Dit is onbekend hoeveel verdagtes in totaal betrokke was. Die drywer is tot by die naaste polisiestrasie in Deneysville waar hy om hulp gevra het.

Daar is nog geen teken van die swaarmotorvoertuig of die beeste nie. Indien daar enige inligting in die verband is, kan adjutant Johan Kruger by Heilbron Polisie geskakel word.

Meer slange en skerpioene na goeie reën

Heilbronnens moet kennis neem dat meer slange en skerpioene opgemerk word na die baie reën wat Heilbron en die omgewing ontvang het. In meeste gevalle kom die huislang en rooilipslang voor. Skakel gerus die Beheerkamer (Tel: 058 852 1552) indien slange opgemerk word. Ken die slange uit: 'n Bruin huislang is slank, gespierd met 'n bruin kleur, gladde skubbe wat blink en sy onderkant is 'n vuil wit kleur. Hy kan verder uitgeken word aan twee bleek, geel of roomkleurige strepe langs die kante van die kop. Sy gemiddelde lengte is ongeveer 60cm. Hulle eet hoofsaaklik muise en rotte. Die rooilipslang is 'n helder oranje kleur en het 'n rooi merk op die boonste lip. Die kop is donkerder as die res van die liggaam net 'n wit maag. Hierdie slang is weer kleiner met 'n gemiddelde lengte van 45cm. Die rooilipslang vreet meestal paddas. Beide van hierdie slange is skadeloos vir die mens, maar kan aggressief voorkom indien hulle gesteur word. Foto erkenning: <https://af.wikipedia.org>



Foto bo: Rooilipslang. Foto onder: Bruin huislang.



Kom speel saam jukskei



Die Heilbron Dienssentrum nooi almal uit wat belangstel om elke tweede Woensdag saam met die spanlede te gaan jukskei speel. Alle belangstellendes is ook welkom om op elke alternatiewe Woensdag saam te gaan kettie skiet. Op die foto spog vier spanlede met hul skeie: Monica Coetzer, Willie van Tonder, Sylvia Meades en Joggie van Vreden.

HNR Afslaaers bied met trots aan 'n Algehele Uitverkoopings Veiling NMS TANNIE STIEN VOSLOO EN GASVERKOPER



SATERDAG 9 MAART 2019 10:00 - PLAAS HERTZOG, HEILBRON

HUIS TE HUUR: 4 Slaapkamers; aantrekkamer; 2 badkamers; groot sitkamer, eetkamer; groot kombuis; opwas; braaiarea in kombuis; tuin; boorgat; motorhuis; goed omheïn; Eskom krag.

VOERTUIG: Landini 8500M trekker kompleet oorgedoen 80 ure; Access 300cc Qaud; Verskeie baalwaens; 6 ton platbakwa; waterkar; dubbelaswa; 600Ldieselkar; Stroper buitebande x 2; 20" bande ens.

KRAGOPWEKKERS: Groot 25 KVA kragopwekker - PTO aangedrewe met meters en oorswaaiskakelaar; McAfric kragopwekker 5.5 Kw; 800W generator; Generater, Talon 6.5Kw kragopwekker op wiele.

IMPLEMENTE: Krageg 3m; awegaar; tillers 7 tand; roleg 2lit; sleepdissie; houtsaag; grondboontjie uithaler; skrapeler; ratkas reducer-fanbelt; Hardi 600L onkruidspuit; hamermeule - PTO; hamermeule 3 fase; dieselpompe; voertuig & trekker handleidings.

MELKERY TOERUSTING: 6 Punt tandem kratte met voerbakke; Linde 2 maande KI fles; pistolet; koeihorlosie; steekpilaparaat; neustang; ou spuite vir onderdele; gasbrandyster; onthoringsbout; ens.

Gereedskap: Ou kis met gereedskap; hammers; gereedskapkiste; hidroliese domkragte; beitels; skroefdraad-snyers "inners", katrolrame; driepote; sleepkabels; houtkratte, staalwerksbanke (stewig en swaar); rakke; houers vir gereedskap, werksbankskroef; driepoot met skroef; gereedskapkaste; gassweistoerusting; gwalas; tyrelevers; staalgereedskapkaste; pangas; veile; beitels; soldeerbout; pullers; G klampe; bakke met lood, spykers ens; olie; troffels; waterpasse; Tonco 3 fase sweismasjien; staanboor; 3 fase cut off masjien; vineur; trolley jack; conveyer belt; dik staalkabel; sakskaal; bokseil; grawe; pikke; gaffels; boogsae; los ysters; oregan balke; tuinslange; kettinkatrol; kruitwa; ens.

ALLERLEI: 22 "Air Rifle"; Groot roller pyp; hekke; kanaalysters; sinke; beesmatte; dieseltenks x 3; 1000 l watertenk; groot container 6m x 2 x 2; vanghokke; staalrame; buite toilet huisie;

trekkerband voerbakke; skaapselfvoerder; ysterpale; houtpale; oregan balke; steierplanke; Iscor Black verf 150L; windpomp onderdele; dompelpomp - .75kw 3fase met 22m kabel en starter; brandplakke; chevron met ligte vir sleep; gasbottels; PTO gifpompe; Plastiese pyp; siwwe; elektriese kabel; grassnyers; mampoerketels; Gwano; visstok katrolle; ens.

ANTIEKEWARE: Klok horlosie; Buckeye broeimasjien; seeppotte; ou skrop; osploeg; slypwiele; harkwiele; houtkaste; wakis; staal trommels; bottels; erdewasbak in sement; perdesaal; grawe; gaffels; skoffels; trekskale; draadtrekker; Coleman lampe; ploegjuk; Chevrolet wieldop; oesbelde; meelblikke; suikerblik; vleismeulens; roomkan; wa domkrag; handpomp; aambeeld; ens.

MEUBELS: Antieke traporrel; pragtige hangkas; wit kis; tafeltjies; ottoman; waaiers; stoele; wasmasjien; yskaste; boekrakke; baie Afrikaanse storieboeke; Weber; gasbraai; TV stel; eetkamertafel en 4 stoele; Trellidor; blompotte; matte; Kieries; staal kombuiskas; bal en klou vertoonkas; 2 sitplek bank; ens.

KOMBUISWARE: Fonduestel; elektriese braaier; potte; panne; rame; skottelbraai; sattelietskottel; kombuis-gereedskap; koperornamente; swartpot; vleissaag; "smart lid"; eetstel en vele meer.

Items kan voor die veiling onttrek word.
TERME: Slegs kontant, EFT op terrein, kaartfasiliteite is beskikbaar. Geen item sal vewyder word voor bedrag ten volle vereffen is nie.

1. Volledige voorwaardes by veiling beskikbaar 2. 10 % Koperskommissie op los bates betaalbaar.

VOLGORDE VAN VEILING: 1. 10:00 - Meubels. 2. Trekker en implemente. 3. Gereedskap. 4. Antiek.

5. Kombuisgereedskap.

Navrae en besigtiging kontak: Samuel Brayshaw 084 603 3853.

SIEN FACEBOOK-BLAD HNR AFSLAERS VIR FOTOS

ROETEANWYSINGS: Vanaf Heilbron ry suid op Vegkop-pad vir 20 Km. Waar teerpod ophou draai regs, volg veilingsbordjies tot by eiendom. **VANAF LINDLEY:** Petrus Steyn, Edenville volg die Heilbron Vegkop-pad, waar die teerpod begin draai links.

AFSLAERNOTA: Implemente en gereedskap is in 'n goeie toestand. Seldsame implemente en gereedskap word aangebied.